DIE SKIPPERTJIE

Nuusbrief van Laerskool Park, Mosselbaai

3/2025 31 Januarie 2025

IN HIERDIE UITGAWE

UIT DIE KAJUIT
BELANGRIKE INLIGTING EN UITSLAE
1. Skoolfonds vir 2025
2. Interhuis-atletiek
3. Nuwe personeellid
4. D6 Connect-toepassing
5. Kwartaalprogram
6. Tennis
7. Skooltye
8. Personeelverjaardae
9. Buite-aktiwiteite
10. CSV - SOS

"I speak to everyone in the same way, whether he is the garbage man or the president of the university."

Albert Einstein

Afrikaanse woord van die week

Fenomenaal: *Buitengewoon en wonderbaarlik.*

2025 SKOOLKWARTALE

1ste: 15 Januarie – 28 Maart
2de: 8 April – 27 Junie
3de: 22 Julie – 3 Oktober
4de: 13 Oktober – 10 Desember

UIT DIE KAJUIT

Almal ken die spreekwoord dat 'n mens nie iemand op hul baadjie moet takseer nie. Baie keer kyk ons na mense se uiterlike voorkoms en dan besluit ons sommer net daar wie en wat hulle is. Ons maak uitsprake oor hulle karakter of sluit hulle by gesprekke uit omdat "hulle" nie soos "ons" is nie? Leer ons nie ook ons kinders om so te dink en te praat nie? Ek is al vele kere in my lewe verras en verkeerd bewys as ek mense op hul uiterlike wil oordeel. So baie keer neem ons dit ook op ons om mense wat dalk effe anders lyk of doen te wil kritiseer. As ons respek vir ander mense het, sal ons hulle nie op hulle voorkoms oordeel nie, maar eerder bietjie dieper kyk na hulle persoonlikhede en karaktereienskappe voordat ons weer 'n uitspraak oor hulle lewer. Ek dink ons moet eerder mense se omstandighede in ag probeer neem, dan sal ons beter verstaan hoekom hulle op 'n sekere manier optree. Wie is ons in elk geval om ander mense te oordeel? God het ons almal gelyk geskape en ek is seker Hy verwag van ons om mekaar te respekteer. So, as jy respek vir God het moet jy ook respek vir alle ander mense hê. Iemand het een keer gesê: "God kyk met sagte oë na ons. Ons moet ook so na ander mense kyk." Onthou die goue reël van respek: *Doen aan ander wat jy aan jouself gedoen wil hê!* Mooi naweek.

Dr. André Smith

BELANGRIKE INLIGTING EN UITSLAE

1. Skoolfonds vir 2025

Baie dankie aan al ons ouers wat reeds hul skoolfonds vir die jaar betaal het. Skoolfonds vir 2025 is as volg vasgestel:

- **Graad 1 – 7:** **R13 200**
- **Graad R en RR:** **R13 500**

Ouers wat aansoek wil doen vir skoolfondskwytskelding of -verligting kan die nodige dokumente by die finansiële kantoor afhaal. Alle aansoeke moet teen 14 Februarie, tesame met die stawende dokumente, by die skool ingedien word. Ouers wat skoolfonds vooruit betaal teen einde Februarie ontvang 5%-korting op die jaar se skoolfondsrekening. Kontak Anneke Harmse vir enige navrae (sien die bankbesonderhede onder)

2. Interhuis-atletiek

Weereens baie dankie vir elkeen se ondersteuning by die Interhuis-atletiekbyeenkomste. Die spanuitslae was as volg:

- 1ste: Marlyne – 643 punte
- 2de: Dolfyne – 582 punte
- 3de: Tunas – 541 punte
- Geesbeker: Tunas

100% Parkies

Dit is baie belangrik dat atlete wat vir die atletiekspan gekwalifiseer het sal aanhou om hard te oefen. Die Seksie B-byeenkoms vind op Saterdag, 1 Februarie plaas.

Kontak ons:

Kaapweg 49 Mosselbaai
Posbus 96, Mosselbaai, 6500
Tel: 044 691 1020/1
Epos: navrae@lspark.co.za
www.parklaerskool.co.za

VOLGENDE WEEK SE PROGRAM

Ma, 3 Feb: o/13 Hokkieproewe
Di, 4 Feb: Tennis vs Van Reede (Juniors)
Wo, 5 Feb: Wêreld Haropleesdag
Do, 6 Feb: Tennis vs Vorentoe (Seniors)
Vr, 7 Feb: Swemgala (Glenwood House)
Rugby: o/13 Oefenkamp
Sa, 8 Feb: Rugby: o/13 Oefenkamp

Adverteer in *Die Skippertjie*

R100 per plasing per week. Advertensies word in A4-grootte onderaan die nuusbrief geplaas. Kontak vir Anneke Harmse om die betaling te reël. Advertensies kan aan juf. Karen by 060 7212 192 gestuur word. Advertensies moet in JPEG-formaat gestuur word.

BANKBESONDERHEDE

Naam: Laerskool Park Skoolfonds
Bank: First National Bank (FNB)
Rekeningnommer: 62035 761 081
Takkode: 210-314
Verwysing: Kind se naam, van en graad of toelatingsnommer

3. Nuwe personeellid

Baie welkom aan Me. Chantelle van Zyl wat as onderwysassistent in die Grondslagfase by ons aangesluit. Ons glo dat sy sommer gou deel van die Parkie-familie sal word en 'n mooi bydrae sal lewer.

4. D6 Connect-toepassing

Om kommunikasie by die skool te verbeter is ons besig om oor te skakel na die *D6 Connect*-kommunikasiestelsel. Alle ouers en leerders word op die stelsel geregistreer sodat kommunikasie en inligting maklik deurgestuur kan word aan u as ouer. Laai asb. die toepassing *(App)* vanaf u foon of rekenaar se *Play store* af en kies Laerskool Park as u skool van keuse. Maak asb. seker dat u die korrekte skool kies.

d6 Connect
d6.co.za

Laerskool Park

5. Kwartaalprogram

Die volgende datums kan by die kwartaalprogram gevoeg word:

- 7 Februarie: Swemgala – Glenwood House
- 13 Februarie: Valentynsokkie (Graad 6 en 7)
- 14-16 Februarie: Landsdiens Streekkamp (Sedgefield)
- 17 Februarie: o/11 Rugbyproewe en o/12 netbalproewe
- 21 Februarie: Eden mini-tennistoernooi
- 24 Februarie: o/11 Netbalproewe en swemgala (George-Suid)
- 6 Maart: Swemgala (Holy Cross)
- 27 Maart: Rapporte uit en oueraand

6. Tennis

Die volgende leerders is in die onderskeie Eden-tennisspanne opgeneem:

- o/10 Dogters: Salomé Pretorius
- o/12 Dogters: Jana Kruger
- o/13 Seuns: Sias Poggenpoel
- o/13 Dogters: Milan Maritz

Baie geluk aan hierdie spelers en baie sterkte met die toernooie wat voorlê.

7. Skooltye vir 2025

Let asb. daarop dat die skooltye vanaf 2025 op Vrydae aangepas is:

- Graad RR en R: 07:30 – 12:15
- Graad 1: 07:30 – 13:00
- Graad 2, 3 en HBK: 07:30 – 13:30 (Vrydae – 13:00)
- Graad 4 – 7: 07:30 – 14:00 (Vrydae – 13:15)

NB!

8. Personeelverjaardae

Baie geluk aan die volgende personeel wat verjaar:

- 7 Februarie: Cherese Crause

9. Buite-aktiwiteite

Swem: Baie geluk aan die volgende swemmers wat tydens die Eden Aquatics-gala rekords verbeter het: Elke Coetzee – 100m Rugslag (9 jaar oue rekord) en Isabeau Coetsee – 100m Rugslag (10 jaar oue rekord) en 200m Rugslag (7 jaar oue rekord).
Hengel: Tydens die LABEO-hengelklub kompetisie het Fourie van Rensburg 1ste en Lea Barnard 3de in die Penkop-afdeling geëindig. Baie geluk!

10. CSV – Save Our Souls (SOS)

Ons is opgewonde oor 'n nuwe inisiatief wat ons by die skool loods, nl. *Save our Souls (SOS)*. Dit word losweg gebasseer op die ou CSV. Elke Vrydagoggend 07:00-07:25 kom ons in die saal bymekaar om saam te sing en 'n geestelike boodskap te ontvang. Die eerste byeenkoms is op 7 Februarie en alle leerders is welkom.

Laerskool Park
Tel: 044 691 1020/1
E-pos: navrae@lspark.co.za
Webblad: www.laerskoolpark.co.za
Skoolhoof: Dr. A Smith
Kaapweg 49
Posbus 96
Mosselbaai
6500

BEHEERLIGGAAMPOS: ONTVANGSDAME (SEKRETARESSE)

Laerskool Park (Afrikaans-medium) in Mosselbaai beskik tans oor 'n ontvangsdame- / sekretaressepos vir 'n passievolle persoon met uitsonderlike menseverhoudings en die nodige administratiewe vaardighede.

PLIGTE SLUIT IN:

- Ontvangs
- Telefoon
- Tikwerk
- Kommunikasiestelsel (D6)
- Algemene administratiewe pligte
- Karavaanparkbesprekings

DIE VOLGENDE ONDERVINDING SAL TOT U VOORDEEL WEES:

- CEMIS sowel as ander WKOD-administrasie platforms
- D6-Plus administratiewe stelsel
- Sterk rekenaarvaardighede
- Kennis en ervaring van Canva

DIE AANSOEK MOET DIE VOLGENDE INSLUIT:

- 'n Volledige CV;
- Twee getuigskrifte: van vorige skool of vorige werkgewer;
- Gesertifiseerde ID-dokument;
- Bewys van kwalifikasie (sertifikate);
- Polisieklaring of bewys van aansoek.

Rig u aansoekbrief met alle relevante inligting aan: poste@lspark.co.za
Sluitingsdatum vir aansoek is 7 Februarie 2025 om 12:00.
Vakature beskikbaar vanaf 1 Maart 2025.

'n Aansoek waarborg nie 'n onderhoud nie en die skool behou die reg voor om nie 'n aanstelling te maak nie. Indien geen terugvoering binne twee weke na sluitingsdatum ontvang word nie, was u aansoek onsuksesvol.

100% Parkie

Respek bou sterk verhoudings!

PARK

VOLHARD - PERSEVERE

Karakter is om die regte ding te doen,
selfs as niemand kyk nie. ~ J.C. Watts

WEES WAARDE WENNERS